*Raadpleeg*
**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
**Mansuitrusters**
*as u 'n*
**RAKET**
*wil KOOP of laat*
*HERSNAAR.*

# DIE Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Parte is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU: Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

DEEL III, No. 1. VRYDAG, 26 FEB. 1943. PRYS 1d.

# U.S. AKADEMIESE JAAR BEGIN

## Rekord-Studentetal Geëwenaar

### Afrikaner se Vordering op Akademiese Gebied

Stellenbosch..... wat in die afgelope jare steeds van krag tot krag gegaan het wat sy studentegetal betref, sal vanjaar weereens die hoogwatermerk van bykans 2,200 ingeskrewe studente bereik. Vir elke Afrikaner lê daar oneindig baie in bovermelde statistiese opgaaf opgesluit. Dit beteken dat Stellenbosch nou jaarliks nagenoeg 400 akademies geskoolde Afrikaners die lewe instuur, wat almal voldoende toegerus is om hulle pad oop te veg teen die geld- en kapitalistiese magte wat tot dusver die Afrikaner in sy eie land verkneg het.

Dit is vir die Matie baie aangenaam om by hierdie geleentheid namens die Stellenbosse A.N.S.-tak ons gelukwensinge oor te bring aan Universiteit, Pretoria, wat eweas Stellenbosch, die intellektuele ontwaking van die Afrikaner in die jongste jare, weerspieël. Die oprigting van die Afrikaanse mediese fakulteit aldaar dra die eenparige steun en goedkeuring van Stellenbosch weg. Die tyd het nou aangebreek dat die Afrikaanse universiteite hulle kragte moet saamspan om aan die Afrikaner elke geleentheid en fasiliteit te bied wat hulle vir die professionele en tegniese bedryfslewe nodig het. Die tyd is vir altyd verby dat 'n paar verdwaalde Afrikaners met die hoed in die hand by die Brits-Joodse stedelike universiteite van ons land moes aanklop indien hy in sekere spesifieke rigtings soos medisyne en inginieurswese wou studeer. Solank ons in die huidige ekonomiese en staatkundige ordening leef, wat deur vreemdelinge op ons afforseer is, is daar vir die Afrikaner net één wapen, nl. dié van uitkonkurering. Hier kan die universiteitswese 'n groot rol speel.

*Dit is vanjaar, 1943, presies 25 jaar gelede dat Stellenbosch sy amptelike status as universiteit verwerf het.* Voor 1918 was die Viktoria-kollege, soos hy destyds genoem is, nog ondergeskik, wat sy algemene rigting en beleid betref, aan 'n Brits-geörienteerde en volksvreemde akademiese konstellasie. Laat die liberalistiese elemente wat tans nog bestaan op Stellenbosch, nou vir eens en vir altyd besef dat die wonderlike groei en bloei van Stellenbosch eers in die afgelope kwarteeu plaasgevind het. As Stellenbosch nie betyds sy verband met die Afrikanervolk gevind en uitgebou het nie, sou ons vandag nog 'n neutrale en sielose inrigting onder

(Vervolg op bls. 4)

## K.G. op Stellenbosch

Op Donderdag, 18 Maart, sal dr. J. F. J. van Rensburg, Kommandant-Generaal van die O.B., 'n openbare vergadering toespreek in die plaaslike stadsaal.

## Adv. O. Pirow

### Die Rewolusie van die Twintigste Eeu en die Jeug

Die plaaslike A.N.S.-tak begin sy werksaamhede vir die jaar met 'n vergadering in die C.S.V.-saal (bo Die Uitspan") op DONDERDAG, 4 MAART, om 7.30 n.m.

Die tak sal die voorreg hê om by die geleentheid vir adv. O. Pirow, Leier van die Nuwe Orde, te ontvang. Hy sal 'n lesing gee oor „Die Rewolusie van die Twintigste Eeu en die Jeug." Vrae en besprekings i.v.m. die onderwerp sal verwelkom word.

'n Paar interne taks-aangeleenthede word ook behandel en alle A.N.S.-lede asook belangstellendes word dus dringend versoek om teenwoordig te wees.

### Nuwe Ampsdraers van A.N.S.

In die plek van mnr. W. A. Joubert, wat 'n werkkring op Potchefstroom aanvaar het, sal die assistentleier van die Provinsie, mnr. W. R. Laubscher, tydelik as Provinsiale Leier optree.

In die plek van mnr. P. A. Theron, wat aan die einde van verlede jaar, sy bedanking as taksleier ingedien het, weens veelvuldige werksaamhede, en wat voortaan al sy vrye tyd slegs aan die redaksie van „Die Matie" sal wy, is mnr. S. J. Joubert deur die Provinsiale Leier tydelik as waarnemende taksleier aangestel.

# Samewerking van O.B. en A.N.S. op Stellenbosch

### Verklarings van Genl. en Waarn. Prov. Leier

Die plaaslike O.B. studente-kommandos en A.N.S.-tak het besluit om weer vanjaar saam te werk ten einde onnodige oorvleueling van werksaamhede te voorkom, waar die twee organisasies uit dieselfde lede bestaan. In hierdie verband is die volgende verklarings van genl. S. J. Pretorius en die Waarn. Prov. Leier van A.N.S., mnr. W. R. Laubscher, aan „Die Matie" vir publikasie oorhandig.

### Genl. Pretorius

Solank die vaskoppeling in diens van die Britse kapitalis en imperialis nog nie gebreek is nie; solank die gees van liberalisme as 'n verbrokkelende en volksverdelende mag nog nie tot aan die wortel uitgeroei is nie; solank die geldmag met sy onbegrensde en immorele winsbejag nog in ons midde gedoog word; solank die parlementêre stelsel wat in sy huidige vorm tot korrupsie en magteloosheid gedoem is, nog voortbestaan — solank is die taak van die Ossewabrandwag as volksbeweging en as deelhebber aan die Rewolusie van die Twintigste Eeu, nog ongedaan.

Daarom dat alle volkskragte wat wil meewerk tot die vernietiging van bogenoemde magte en instellings, en wat hul beywer vir die skepping van 'n organiese volkstaat — vry van vreemde bande, vry van Mammondiens, en één in die nastrewe van volksbelange teenoor persoonlike en groepsbelange—binne die geledere van die Ossewabrandwag verwelkom word. En daarom dat dit 'n voorreg is om andermaal 'n woord van opregte welkom te rig aan al die studente wat reeds lede was van die studente-afdeling van die O.B. en die A.N.S. as ook aan al die eerstejaarstudente wat die toekoms van hul volk na genoeg aan die hart dra om, deur lid te word van hierdie twee organisasies, hul in die aktiewe diens van daardie volk te stel.

Naas die O.B. as volksbeweging, en met nagenoeg dieselfde doelstellings, tree die A.N.S. op as 'n suiwer studente-organisasie om meer spesifiek die stryd aan die Universiteite en Kolleges te volstry. Dat daar 'n behoefte bestaan om albei organisasies aan ons Universiteite en Kolleges te behou, ly geen twyfel nie. Elke goedgesinde student sal, as lid van die volk, ongetwyfeld lid wil wees van die groter volksbeweging; maar as lid van 'n studentegemeenskap met probleme van hul eie en met standpunte en bydraes wat beste deur 'n studente-organisasie en vanaf 'n studenteplatform gestel en gelewer kan word, sal hy nie die geleentheid wil mis om ook lid van die A.N.S. te word nie.

In noue samewerking, en deur gemeenskaplike lidmaatskap, sal die plaaslike studente-afdeling van die O.B. en die A.N.S. dus weereens in 1943 die stryd voortsit ter verwesenliking van ons groot ideaal. 'n Ideaal wat nie net ons s'n is nie, maar ook die van alle volkere wat hunker na 'n nasionale samelewing wat op etiese basis ingerig is, en die bereiking waarvan nie van die uitslag van veldslae afhang nie maar daardeur slegs verhaas of vertraag kan word.

*S. J. Pretorius.*

### Prov. Leier

Die Stellenbosse A.N.S. het weereens vanjaar, 1943, die samewerking van die plaaslike studentekommandos van die O.B. gesoek, ter volstryding van die lopende jaar se taak. Met dankbaarheid mag gekonstateer word dat die O.B. algehele bereidwilligheid en tegemoetkomentheid aan die dag gelê het. Gevolglik sal die studentekommandos en die Stellenbosse tak van die A.N.S. weer hierdie jaar ten nouste saamwerk.

Dis vanselfsprekend dat albei organisasies hulle selfstandigheid en onafhanklikheid behou. Trouens die O.B. is in die eerste plek 'n organisasie vir volwassenes — op hierdie terrein het die A.N.S. as sulks geen pretensies nie. Die A.N.S. is by uitstek 'n pre-volwasse organisasie, wat die Afrikaans-nasionale jeug van die universiteite en kolleges wil saambind. Hoewel die O.B. as omvattende volksorganisasie natuurlik die Afrikaanse jeug, en dus ook die universiteitsjeug insluit, is hy tegelykertyd meer en minder as die

*Vervolg op bls. 3 kol. 1.*

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.**

**APTEKERS**
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
•
**JOERNING en SEUN**
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat.
STELLENBOSCH.

**Gebrs. De Wet (Eiens.) Bpk.**
Ons is volledige Dames- en Mansuitrusters. Vir kwaliteit en diens is ons onoortrefbaar. Kry dus al u benodighede hier teen die billikste pryse. Ons spesialiseer in alle Sportgoedere. In ons Snyersafdeling sal u altyd groot aandag geniet en bevrediging kry.
GEBROEDERS DE WET (EIENS.) PBK.
Foon 20. Birdstraat, Bus 21.
STELLENBOSCH.

**HOOFKWARTIER VAN GESONDHEID**
Soos na ouder gewoonte....
ontmoet julle vriende by
**SUIKERBOSSIE MELKSALON**
vir 'n lekker melkdrankie, koffie, ens.
•
*Onder persoonlike toesig van*
*OOM HUGO.*

**Dames !!!**

NET

**Tant Mita**

KAN

Jul voorsien in

*SMAAK, SNIT*

en

*VERSKEIDENHEID.*

**LESSE** word gegee in die **HUISKUNSSKOOL,** Ryneveldstraat, Stellenbosch, *(Langs Gebrs. Darter)* deur **SARAH DU TOIT** in die volgende vakke: — Leerwerk, Koekversiering, Blommemakery, Uitbrandwerk („Poker"), Reliëf, Goudsjabloonwerk („Gold-Stencilling"), Sjabloonwerk („Stencilling"), Silka-verfwerk, Pêrel-verfwerk, Pistonella-werk, Handwewery, Tapytmakery, Modellering in Barbola, Waswerkkuns, Tinwerk, Goudbrokadewerk, Sellulose-Koekbedekkings („Celluloid Cake-Covers"), Papierpottebakkery, Batikwerk, „Plusette"-werk, „Crayola"-werk, teen £1-5-0 per kwartaal per vak. Word meer as een vak geneem, is dit £1 per vak. Dubbele lesse word ook gegee aan persone wat gouer wil klaarmaak. Leerwerk en Koekversiering £1-5-0 per kwartaal of £3 vir hele kursus. Lesse word gegee gedurende die April-skoolvakansie.

*Welkom terug in*
**MATIELAND ! !!!**

MAAK ONS U APTEKERS
en wees verseker van ons beste
AFRIKANERDIENSTE.

**DIE VOORTREKKER-APTEEK**

Andringastraat, Stellenbosch.

**Darters**

Pleinstraat, Stellenbosch

*Vir waarde in*
*Boeke, Skryfbehoeftes, Musiek, Musiekinstrumente en Kunsmateriaal* ens.

Ons is ook Fabriek-Distribueerders vir die beroemde „*HIS MASTER'S VOICE*"-Radio's en Radiogrammofone.

**Die Plaza**

Foon 0013.

**Henry Fonda**
**Joan Leslie**
**Olivia de Haviland**
vertolk die hoofrolle in

**„The Male Animal"**

***Vrydag en Saterdag, 26 en 27 Feb.***

**Matinee: Saterdag om 3 n.m.**

**DIE MATIE**

Redakteur: P. A. Theron, Keeromstr.

Deel III. 26 Feb. 1943. No. 1.

## WELKOM

Op Stellenbosch is daar nou weer 'n tweeduisend jong Afrikaners versamel uit feitlik elke deel van ons land; sommige kom hulle studies voortsit, andere is nuwelinge wat aan die begin van hulle studente-loopbaan staan. Almal word deur „Die Matie" hartlik welkom geheet aan hierdie Universiteit wat dwarsdeur die land bekend is as dié Afrikaner-Universiteit.

Elkeen van hierdie tweeduisend studente sal vanselfsprekend eendag die leiding moet neem in die kring waartoe hy of sy behoort, en daarom is dit noodsaaklik dat elkeen hom so goed moontlik sal bekwaam vir die beroep wat hy eendag sal beoefen.

Maar ons is nie slegs studente nie, en ons sal nie eendag slegs onderwysers of predikante of advokate wees nie, want ons is en bly lede van die Afrikaner-volk, en ons voel almal dat watter werk ons ook eendag doen, ons dit sal doen in diens van die volk.

As ons hierdie feite nl. dat die studente van vandag die leiers van môre is, en dat daar tweeduisend van hierdie toekomstige leiers op Stellenbosch versamel is, in aanmerking neem, kan baie duidelik besef word watter geweldige invloed Stellenbosch kan uitoefen op die Volkslewe. En dan word ook besef watter groot verantwoordelikheid daar op elkeen van ons rus om toe te sien dat hierdie invloed van Stellenbosch werklik tot die welsyn van ons Volk aangewend sal word.

'n Volk kan slegs gesond en kragtig bly as dit ontwikkel en voortbou op die fondamente wat deur die voorvaders gelê is, m.a.w. as die kultuur, tradisies en lewensbeskouing wat alles meegewerk het tot die ontstaan van die volk, in ere gehou word in die verdere groei van daardie volk. As ons as studente dus werklik die belange van ons volk op die hart dra, is dit vir ons om toe te sien dat die kultuur, tradisies en lewensbeskouing van ons voorvaders gehandhaaf word op ons Universiteit, en wat meer is dat elke toekomstige leier trou sal wees hieraan.

Tot ons spyt moet erken word dat dit vandag nie die geval op Stellenbosch is nie. 'n Groot gedeelte van ons studente is teenswoordig aanhangers van die uitheemse liberalisme in teenstelling met die Calvinistiese lewensbeskouing van ons voorvaders. Hierdie kanker het al diep in ons hele volkslewe gevreet, en is die direkte oorsaak van die losbandigheid op sosiale gebied en die ondersteuning van die liberalistiese partypolitieke-stelsel wat by so baie van ons volksgenote aangetref word. Dit kan slegs lei tot die ondergang van ons volk.

Dit is daarom dat die A.N.S. as 'n uniale organisasie van Afrikaner-studente nog steeds te velde trek teen die liberalisme en stry vir die behoud van ons Afrikaanse Volks-eie. En dit is ook een van die belangrikste take van die plaaslike A.N.S.-tak om Stellenbosch in ere te herstel as 'n kweekplek van ware Afrikaner-leiers, wat die stryd teen die vreemde in ons volkslewe kan voortsit in hulle onderskeie werkkringe, as hulle die Universiteit verlaat.

In hierdie stryd vir die behoud van ons Volks-eie aan ons Universiteit het die plaaslike A.N.S.-tak die medewerking van die plaaslike O.B.-studente-kommandos en van die Calvinistiese Vereniging.

# Die Oorlog

## I. Nugterheid i.p.v. Oordrewe Optimisme.

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

### BELANGSTELLING IN OORLOG

Dit is die vierde maal dat die akademiese jaar sy aanvang neem in die donker skaduwees van die oorlog soos die wêreld dit nog nie geken het nie. Vir ons as akademiese mense veral behoort dit baie duidelik te wees dat die huidige wêreldoorlog 'n gebeurtenis van die allergrootste betekenis is. Dit is 'n gebeurtenis veral ook die gevolge daarvan, wat elke mens in watter wêrelddeel ook al diep raak en nog sal raak. Die mensheid ly en sal nog baie ly as gevolg van die huidige wêreldbrand en vir elkeen is dit goed om herinner te word aan die ou Latynse spreuk: *Homo sum, nihil humani mihi alienum puto* (ek is 'n mens en niks mensliks ag ek vir my 'n saak van onverskilligheid nie). Vir ons as denkende akademiese mense behoort die huidige oorlog met al sy komplikasies en implikasies 'n gebeurtenis van die allergrootste belangstelling te wees. Op elkeen, of hy nou aan die oorlogsfront staan of aan die tuisfront sit, of hy oorlogskreeuer of oorlogsteenstander is, sal hierdie oorlog diep merke agterlaat.

### OPTIMISME

In die laaste Matie van 1942 het ek die volgende geskryf: „Ongeveer vier weke gelede (eerste helfte van November) het 'n ware vloedgolf van Geallieerde optimisme die wêreld oorweldig. Die oorsaak van hierdie optimisme was die deurbraak van die Agste Britse leër by El Alamein en die gevolglike terugtog van Rommel, die Brits-Amerikaanse landing in Frans-Noord-Afrika en die Russiese offensief. Daar is gejuig oor 'n keerpunt wat die oorlog nou eindelik sou bereik het; die Spilmagte in Noord-Afrika sou vernietig wees, die korter Middellandse seeroete sou weer diensbaar gemaak word i.p.v. die lang omweg om die Kaap en die geteisterde Geallieerde tonnemaat sou daardeur gebaat word. Die massale lugbombardement van Italië vanuit Afrika is reeds in die vooruitsig gestel en die gevolglike uitskakeling van hierdie Spilmagte as oorlogvoerende is luidkeels aangemoedig; 'n Brits-Amerikaanse landing in Italië en Suid-Frankryk het voor die deur gestaan. Terselfdertyd sou die Russiese offensief en veral die Russiese winter hulle deel bydra om die Spilmagte te vernietig. Die weë na Rome en Berlyn was oop vir die seëvierende strydmagte van die Geallieerdes. Die beer se vel was kant en klaar verdeel en die enigste kleinigheid wat nog oorgebly het — en dit was maar 'n nietige kleinigheid — wat dat die beer nog eers gevang moes word." Aldus „Die Matie" van 10 Desember 1942.

### OORDREWE OPTIMISME GEREGVERDIG?

Het hierdie hoopvolle verwagtings intussen werklikheid geword? Daar is nognie daarin geslaag om die Spilmagte uit Afrika te verdryf nie. Inteendeel. Volgens die jongste berigte het die Spilmagte dit reg gekry om hulle nie alleen dieper in te graaf in Tunisië nie, maar om die Geallieerdes ook gevoelige terugslae toe te dien. In plaas van eenstemmigheid in Geallieerde kringe in Noord-Afrika het ons gevind die politieke moord van Darlan en tweedrag wat so ernstig geword het dat Roosevelt en Churchill 'n konferensie in Casablanca moes gaan hou. In Noord-Afrika gaan dit vir die Geallieerdes beslis nie voor die wind nie en daar sal nog baie moet gebeur voor die Spil uit Tunisië verdryf is, die korter Middellandse seeroete vir die Geallieerdes diensbaar gemaak word en Italië binnegeval kan word. Dit is selfs moontlik dat die Spilmagte in Tunisië vandag 'n sterker posisie in Noord-Afrika het as ooit te vore. Dit is 'n geval van korter verbindingslyne vir die Spil maar nie vir die Geallieerdes nie.

Die enigste werklike sukses wat die geallieerdes sedert die laaste drie maande behaal het, is dié van die Rooi leërs in Rusland. Die winteroffensief van die Bolsjewiste het uitgeloop op die ernstigste terugslae wat die Duitse leërs tot nogtoe in hierdie oorlog gely het. Of die Bolsjewistiese suksesse beslissend is, moet

*Vervolg op bls. 3 kol. 2.*

Die ondersteuning van elke ware Afrikaner wat die belange van sy volk werklik op die hart dra, sal deur die A.N.S. verwelkom word.

### Mnr. W. A. Joubert.

Die O.B. en A.N.S. van Stellenbosch het 'n groot verlies gely met die vertrek van mnr. W. A. Joubert, Hoofkommandant van die Studente O.B.-kommando en Provinsiale Leier van A.N.S., na Potchefstroom, waar hy 'n betrekking aanvaar het.

Mnr. Joubert is in 1941 gekies as voorsitter van die A.N.S.-tak, en ook as Provinsiale Leier, en onder sy leiding is in Augustus van daardie jaar 'n begin gemaak met die uitgee van „Die Matie." Aan die einde van daardie jaar was mnr. Joubert verplig om die toenmalige A.N.S.-tak te ontbind, as gevolg van die ongehoorsaamheid van 'n aantal lede wat hulle nie wou onderwerp aan die besluite van die kongres en die Hoofbestuur nie. 'n Nuwe tak is onmiddellik deur hom gestig, waarvan hy ook leier geword het.

Aan die begin van 1942 is mnr. Joubert bevorder tot Hoofkommandant van die studente O.B.-kommando om sodoende die werksaamhede van die A.N.S. en O.B. op Stellenbosch te koördineer. In die kapasiteite het hy die leiding aangegee in die stryd teen die liberalisme.

Die sukses wat tot sover in die stryd behaal is, is tot 'n groot mate te danke aan mnr. Joubert. „Die Matie" wens mnr. Joubert in sy nuwe werkkring net soveel sukses toe as wat hy met sy werk op Stellenbosch gehad het.

### Mej. Marie Toerien.†

„Die Matie" betuig hiermee sy innige meegevoel met die tragiese dood van mej. Marie Toerien, dogter van die wed. Willie Toerien van Porterville. Mej. Toerien wat 'n ywerige lid van die plaaslike A.N.S. en O.B., en 'n bekwame ploegbaas op die jongste Landsdienskamp was, is aan die einde van verlede jaar op tragiese wyse in die munisipale dam van Porterville verdrink.

**Rook Springbok-Sigarette**

## Samewerking van O.B. en A.N.S.

*Vervolg van bls 1 kol. 4.*

funksionele organisasie van die Afrikaner student — wat die A.N.S. juis probeer om te wees. Die aard van die twee organisasies vereis dus die bestaan van albei; tegelykertyd egter maak hulle gemeenskaplike rigting en strewe samewerking tussen hulle moontlik en op Stellenbosch wenslik.

I.v.m. hierdie gemeenskaplike wêreldbeskouing wil ek graag namens die A.N.S. die volgende noem: in 1940 het A.N.S. die Rubicon oorgesteek deur op 1 Julie van daardie jaar sy opspraakwekkende vryheidsmanifes uit te reik. In die aanhef van die manifes word verklaar dat „ons voel dat ons die tydstip bereik het waarop ons onomwonde die omskepping van die Unie van S.A. tot 'n republikeinse staat moet eis.... waarin die president, deur die volk vir 'n bepaalde tyd verkose, en verantwoordelik aan God alleen, met bystand van 'n uitvoerende raad en volksraad van gebieds- en beroepsverteenwoordigers 'n regering van gesag sal voer." Dus in 1940 het die A.N.S. hom reeds 'n republikeinse gesagstaat ten doel gestel. In 1941 het die kongres besluit om die toenbestaande organisasiestelsel van die Bond ooreenkomstig sy uitgesproke beginselsopvattings om te skep deur die gesags- of leierskapbeginsel konsekwent daarin toe te pas. In 1942 het die A.N.S. hom by monde van die uniale kongres vereenselwig met die Afrikaanse volksbewegingsgedagte, en het hy die begrip „organies" aan sy ideaal van 'n gesagstaat toegevoeg. Die A.N.S. het hom dus volkome vereenselwig met die geestelike verjonging wat vandag oor die hele wêreld waargeneem word. Hy beskou dit as sy roeping om met al die idealisme waaroor hy beskik te streef na die nasionale wedergeboorte van die Afrikanervolk.

Op Stellenbosch voel sowel die A.N.S. as die studentekommandos van die O.B. baie sterk vir samewerking. As die twee organisasies afsonderlik sou voortgaan sonder onderlinge raadpleging en oorleg, sou dit afdoen aan die doeltreffendheid van albei liggame, en sou dit veral baie onnodige duplikasie van werksaamhede veroorsaak, b.v. t.o.v. landsdiens, monsterings, ens. Met samewerking word 'n sterk eenheidsfront teen die liberalisme, in watter vorm ook al, geskep, en terselfdertyd word die posisie van die student wat lid is van albei organisasies volkome gerasionaliseer. Daarom maak die plaaslike A.N.S. graag gebruik van die reg tot samewerking met mede-Afrikanerorganisasies, wat die jongste kongres aan die tak verleen het. Die betrokke besluit van die kongres lui: —

.... „Die vernaamste werksaamheid van die A.N.S. is die vernietiging van die laaste reste van die volksverdelende liberalisme wat ons van 'n uitheemse staatstelsel geërf het.... In hierdie taakstelling beklemtoon die A.N.S. weereens sy volkome selfstandigheid en onafhanklikheid as studente-jeugbeweging, teenoor ander Afrikanerorganisasies. Hy is egter terdeë daarvan bewus dat die verskillende A.N.S. takke in hulle stryd teen die liberalisme met velerlei sluipgedaantes van hierdie volkskanker te doen kry. Noodwendig verg dit verskillende modi operandi van die verskillende takke, en die A.N.S. sal dus ook in hierdie stryd die samewerking van mede-Afrikanerorganisasies verwelkom."

Aangesien die twee plaaslike liggame, as sulks, besluit het om saam te werk, en aangesien dit albei tot voordeel strek, is vergunnings verkry deur die A.N.S.-tak sowel as die studentekommandos, van die Hoofbestuur van die A.N.S. en A.K.G., onderskeidelik. Dit is dus halwe, nes verlede jaar, weer moontlik vir studente om lid te word van albei organisasies teen 'n jaarfooi van 5/-. Dit sal besef word dat hierdie fooi gering is in vergelyking met die voordele wat dit meebring, en ons vertrou derhalwe dat elke opregte Afrikanerstudent hom van hierdie geleentheid sal bedien.

*W. R. Laubscher.*

## Die Oorlog.

Vervolg van bls. 2 kol. 4.

voorlopig nog aan die toekoms oorgelaat word. Dit kan egter nou reeds gekonstateer word dat die terugslae wat die Spilmagte tot dus ver in Rusland gely het 'n kleinigheid is in vergelyking met die reusagtige suksesse wat hulle sedert 1 September 1939 behaal het. (Die volgende keer meer oor die winteroffensief van die Rooi leër).

### NUGTERHEID

Die vloedgolf van optimisme in Geallieerde kringe het plek gemaak vir 'n meer nugtere stemming. 'n Blik op die voorbladsy van die Suid-Afrikaanse koerante van 24 Februarie sal elkeen hiervan kan oortuig. So word daar in toonaangewende Russiese kringe verklaar dat hulle suksesse teen 'n duur prys behaal word. „Duisende en duisende lewens (volgens die B.B.C. „countless thousands"), geweldige vernietiging in stede en op die platteland, groot ontberings vir miljoene burgerlikes en 'n ongeëwenaarde spanning wat deur die hele Russiese volk gedra word." Daar word voorts in Moskouse regeringskringe gewaarsku teen „optimistiese illusies" oor die huidige Russiese oorwinnings en aangedring op die stigting van 'n tweede front in Europa. Die veldtog in Noord-Afrika is dus blykbaar nie vir die Russe 'n „tweede front" nie.

Dit is waarskynlik dat die Bolsjewistiese geroep om 'n „tweede front" in hierdie jaar 'n baie netelige vraagstuk vir die Brits-Amerikaanse bondgenote gaan oplewer. Dit is moontlik dat Washington en Londen aan hierdie Russiese geroep gehoor sal moet gee. Sal die landingspoging in Spanje en Portugal geskied of sal dit nader aan Berlyn of Rome wees?

'n Belangrike struikelblok wat eers baasgeraak moet word vóór daar tot die stigting van 'n tweede front oorgegaan kan word, is sonder twyfel die duikbootgevaar. Hierdie gevaar is, volgens Knox, Amerikaanse minister van marine, se jongste verklaring, beslis nog baie ernstig. Daar is geen hoop op 'n vroeë herstel nie. Hy is daarvan oortuig dat die Duitsers duikbote baie vinniger aanbou as wat die Geallieerdes hulle na die diepte stuur.

Ondanks die vloedgolf van optimisme waarmee die Britse propaganda ons van tyd tot tyd oorweldig, is daar nog altyd baie ernstige struikelblokke wat eers uit die weg geruim moet word voor daar van 'n eindoorwinning sprake kan wees. Feite moet as feite raak gesien word. Volstruispolitiek betaal nooit nie.

---

Mnr. K. A. Schrecker is aangestel as senior lektor in Liggaamsopvoeding in die plek van mnr. C. J. Wieffering wat deur die Nederlandse regering vir militêre diens opgeroep is.

* * *

Mnr. E. van Heerden, M.A., is aangestel as junior lektor in Engels en mej. H. M. Donald, M.A., as junior lektriese in Engels in die departement van Opvoedkunde.

**DE CLERK**
**DROOGSKOONMAKER,**
BIRDSTRAAT
●
Verseker u van vertroubare dienste.

## Die Vernuftige Dame Sê :

### Verwydering van Vlekke.

Dit is 'n verstandige gewoonte om vlekke te verwyder sodra hulle verskyn. Stowwe sal daar altyd netjieser uitsien en dit sal ook langer duur voordat kledingstukke of kleedjies na die wassery of droogskoonmaker gestuur moet word.

Bensien, terpentyn, ammoniak en alkohol behoort altyd byderhand te wees en dit is raadsaam om groot, rooi etikette op die bottels te plak sodat daar nie enige misverstand kan ontstaan nie. Plaas hulle op die boonste rak waar nuuskierige kinderhandjies nie kan bykom nie.

Almal weet natuurlik dat dit gevaarlik is om vlekke in die kombuis uit te haal, maar gedurig gebeur dit tog dat mense klere naby die vuur skoonmaak met die gewone noodlottige gevolge. Dit is selfs waagsaam om 'n sigaret in dieselfde kamer op te steek en eintlik is dit veiliger om altyd met hierdie ontvlambare skoonmaakmiddels voor 'n oop venster of op die stoep te werk.

Probeer nooit om 'n vlek met geweld uit te haal nie — as dit diep ingedring het sal dit tog niks help om dit uit te haal dat die stof stukkend te vryf nie. Gaan goed na waardeur die vlek veroorsaak is en doen dan met die skoonmaakmiddels eksperimente op 'n monster van dieselfde stof. Hierdeur sal 'n mens kan sien watter middel die doelstreffendste is.

Voor die skeikundige stowwe gebruik word is dit goed om altyd eers seep en water te probeer, tensy die kleur daardeur beskadig sal word. Probeer dit eers op die monster.

Rooi-wynvlekke op tafellinne is vir elke huisvrou tot 'n grief, tensy sy dadelik teenmiddels gebruik. Die eenvoudigste prosedure is om onmiddellik na die ongeluk dik lae sout, klam gemaak deur asyn of suurlemoensop, oor die vlek te strooi. Was die kleed daarna in lou water. Wollerige stowwe word op dieselfde wyse behandel, maar hulle behoort gestryk te word.

'n Ander goeie raad is om die vlek in kookmelk te week. Dit sal gou-gou verdwyn.

Wynvlekke wat droog geword het, word met sagte seep ingevryf en die seep behoort 'n paar uur in die stof te bly. Effens moeiliker is dit om wynvlekke uit dayon- of systowwe te haal: Berei 'n flou ammoniak-oplossing en eksperimenteer eers met die monster — as dit te flou is kan nog 'n paar druppels ammoniak bygevoeg word. Nadat die vlek verwyder is moet die stof versigtig in skoon water gewas word.

**ONTHOU DIE A.N.S.-OPENINGSVERGADERING DONDERDAG, 4 MAART!**

**Dames !**
Sorg dat u die eerste is om die nuwe uitstalling te sien van
**Mej. E. le Roux**
(vroeër van Tant Mita)
*MODEMAAKSTER,*
PLEINSTRAAT.

**HALDENWANG**
●
HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER
Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT
en probeer ons Koek, Tert, Botterbroodjies en alles wat lekker is.
●
(Foon 135)

**The Stellenbosch Stationery Store**
vir
BEKOORLIKE GESKENKE
Nuwighede van alle soorte,
Deftige Skryfbehoeftes
en
MODEBOEKE.
**A. DOWSON,**
Andringastraat, Stellenbosch.

**Die Populêre Studentehaarkappers**
●
*MATIES!*
VIR DIE BESTE DIENSTE
*kom besoek*
**Brink en van Aarde**
(Eiens.) Bpk.

**Alfred Blommaert,**
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

**DIE EIKE KAFEE**
(Eienaar: G. H. van Zyl)
*STUDENTE:*
Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.
Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**Ondersteun Ons Adverteerders**

**Rook Springbok-Sigarette**

# Krisis in 'n Nasionale Spel

## Die Prostituering van Rugby

Ons staan aan die begin van 'n nuwe Rugby-seisoen en die verskillende klubs sal eersdaags hulle besture vir die jaar moet kies en moet besluit aan watter kompetisies hulle gaan deelneem. Nou egter kom hulle, wat ons nasionale spel buite die politiek wens te hou en wat sport alleen terwille van sport wil beoefen, in botsing met die onverstandige en moedswillige besluit, waardeur die Rugby-Unie van die West. Provinsie in September 1942, in stryd met 'n vroeëre besluit van die S.-A. Rugby-Raad, die spel in die West. Provinsie in die politieke arena gesleep het deur hekgelde te stem vir oorlogsdoeleindes.

Afgesien van ander konsiderasies sou 'n mens gedink het dat bogenoemde besluit van die S.-A. Rugby-Raad en die verwarring wat daar in die Oostelike Provinsie deur 'n dergelike optrede van daardie Rugby-Unie veroorsaak is, genoegsame waarskuwing vir mnr. J. D. de Villiers cum suis sou gewees het om die belange van ons nasionale spel ook in ag te neem. Maar ongelukkig blyk dit nou dat die oorlogspigose te sterk was vir die meerderheid van die bestuur van die Rugby-Unie van die West. Provinsie, met die gevolg dat hulle die vreedsame Rugby-Unievlag van die pawiljoen op Nuweland neergehaal het en die rooi vlag van Mars in sy plek gehys het — 'n skreiende misbruik van mag en 'n tartende uitdaging vir alle anderdenkendes. En nou dat daardie andersdenkendes, wat suiwer beginsel vir suiwer sport stel, daarteen in verset kom, nou hoor ons meteens weer die aloue papegaaigeskree van „politiek, politiek!"

„Die Matie" teken nogmaals sterk protes aan teen die skorsing van die Stellenbosse klub deur die Bestuur van die W.P. Rugby-Unie, as ook teen die skewe en verdraaide voorstelling wat „The Sport Editor" in die „Cape Argus" van 20 Februarie van die hele geskiedenis gee. In die afwesigheid van baie honderde lojale Rugbyspelers op die slagvelde duisende myle van die vreedsame Nuweland, heet dit daar, sou die (dislojale?) agterblywendes van die geleentheid wil gebruik maak om politieke oorheersing in die beheer van die spel te kry.

Dit is in kort die aanklag. Groter onsin as dit het die „Cape Argus" nognie gedruk nie. Ons kan daarop alleen aanmerk, dit is duisende myle van die waarheid verwyder, en ons wil die „Cape Argus" die versekering gee dat die dae toe Afrikaners hulle nog deur sulke goggas laat afskrik het, lankal verby is; dat ons nie meer daarvoor bang is nie; dat ons die uitdaging aanvaar en gereed is „to call their bluff"!

### S.-A. RUGBY-RAAD

„How it all began," soos genoemde „Sports Editor" dit breedvoerig uiteensit, is geen regverdiging vir die besluit van die Rugby-Unie nie. Nee, dit het as 'n waarskuwing moet dien vir mense wat nie moedswillig blind is nie. Dat die Universiteit van Kaapstad nl. in Mei 1940 'n wedstryd teen 'n Nu-Seelandse militêre span gespeel het vir liefdadigheid; dat Tuine in Augustus 1940 teen die Res (Stellenbosch inbegrepe) ten bate van die Goew.-Gen.-Fonds gespeel het; dat 'n wedstryd op Ellispark in April 1941 ten behoewe van die Armsorg gespeel is; alles goed en waar. Maar, gedagtig aan die gulde les „obsta principiis" en besorg oor die welsyn van ons nasionale spel, vaardig die S.-A. Rugby-Raad kort daarop hulle waarskuwende sirkulêre uit „gebaseer in die algemeen op twee konsiderasies, die wet oor professionalisme en *die eienaardige omstandighede van ons land*" (ons kursiveer) en daar word verder byname gewaarsku teen wedstryde vir liefdadigheid en ander fondse.

### WRECKERS?

Gewolglik weier die Rugby-Raad van Transvaal, heel tereg, onmiddellik na hierdie sirkulêre, om verlof te gee vir 'n wedstryd ten behoewe van Die Reddingsdaadbond. Die betrokke spelers was hieroor ontervrede maar moes natuurlik daarby berus; maar dat die W.P. Rugby-Unie 'n teenoorgestelde besluit neem, beskou die „Sports Editor" nie as verset teen die S.-A. Rugby-Raad nie.

Nadat hy hierdie gevalle opgenoem het kom die „Sports Editor" dan neer op die „wreckers" en „secessionists," met die naiewe opmerking dat die geskiedenis van hierdie miserabele saak die boom inslaan van hulle eerlikheidsbetuiging.

„Wreckers? Secessionists? Dishonesty?" Ou kêrel, lees weer die sirkulêre van die S.-A. Rugby-Raad. Of haal jy ook die Skrif vir jou doel aan soos daardie spreekwoordelike ou kennis van ons?

* * *

Dat Stellenbosch altyd, selfs op die gevaar af van kleurloos genoem te word, gepoog het om die vrede op die gebied van sport te bewaar, het hy nog in 1942 getoon toe hy die oorlogspoging van ons Veldmaarskalk gesteun het deur op Nuweland teen die militêre rekruteringsspan van maj. Craven te speel. Dis nou die dank wat Stellenbosch daarvoor kry. Ons kan maar sê, ons is dit van Engelsman gewend. Ons het hom te laat leer ken. Ons was in die verlede 'n bietjie hardleers.

Die leier van die „wreckers" op Stellenbosch is, na ons op goeie gesag verneem, die voorsitter van die voetbalkomitee en president van die atletiese klub, van wie „Die Matie" oor 'n ander punt in die verlede rede gehad het om te verskil; ons haal nou ons hoed vir hom af vir die besliste wyse waarop hy, staande op die standpunt van die S.-A. Rugby-Raad, die spel buite die politiek wil hou, *gedagtig aan die eienaardige omstandighede van ons land*. Daarom heet hy „wrecker" en „secessionist," en word die eerlikheid van sy bedoeling deur die „Cape Argus" in twyfel getrek.

Toe „Die Matie" 'n jaar gelede die beweging op Stellenbosch gesteun het om by die Afrikaanse Sportunie aan te sluit, het dieselfde persoon, seker met dieselfde belanglose motiewe as nou, daardie poging teengewerk om also die eenheid van die atletiek te bewaar sonder onderskeid van rasse. En die dank wat hy daarvoor van Engelsman kry is „wrecker," „secessionist."

### STAAN PAL!!

Van alle kante in ons land verneem ons van waardering vir Stellenbosch se standpunt in die huidige voetbalgeskille; en afgesien van wat ander klubs gaan doen, vertrou ons dat Stellenbosch in sy houding sal pal staan. Maar as die W.P. Rugby-Unie voortgaan met hulle noodlottige en misdadige beleid om politieke twisappels in die spel te gooi, dan kos dit geen profeet om te voorspel nie dat ander klubs of groepe van spelers dieselfde standpunt as Stellenbosch gaan inneem. Dit sal hulle doen nie in 'n poging om die gesag van die W.P. Rugby-Unie te ondermyn of om politieke oorheersing daarin te kry nie, — dis klink klare onsin! — maar om weg te kom van mense wat een ding sê en 'n ander ding doen. Weliswaar sal baie ondersteuners van hierdie standpunt voorlopig weerhou word deur gevaar van viktimisasie; en die gebrek aan voetbalvelde sal voorlopig ook 'n moeilikheid oplewer; maar dit is alles moeilikhede wat oorkom kan word, en as die skeuring dan 'n voldonge feit is en ons nasionale spel in die West. Provinsie in twee kampe geskei is, sal ons niemand anders daarvoor te danke hê nie as die „wreckers" wat nou die botoon voer in die W.P. Rugby-Unie, onder voorgang van hulle President.

## Bevelvoerende Offisiere van die O.B.

Mnr. W. R. Laubscher is deur genl. dr. S. J. Pretorius bevorder tot Hoof-Kommandant van die Stellenbosse Studente-Kommando's. Hoof-Komdt. Laubscher het mej. Elise Dürr en mnr. S. J. Joubert, benoem tot Kommandante en Kommandant van die dames- en manskommando's onderskeidelik. Die aanstellings is deur die generaal bekragtig.

### U.S. AKADEMIESE JAAR

(Vervolg van bls. 1)

Brits-Joodse heerskappy gewees het. Trouens, alleen die tydige optrede van 'n paar versiende Afrikaners het die U.S. indertyd daarvan gered om deur die Kaapstadse universiteit opgesluk te word. Ons vertrou dat die volgende kwarteeu van U.S. se bestaan nie die werk van hierdie baanbrekers sal beskaam nie.

**Die openingsplegtigheid van U.S. vind plaas op Saterdag, 27 Februarie, om 8 n.m., in die Stadshuis. Prof. D. L. Scholtz, van die Departement van Geologie, sal die openingsrede waarneem.**

## Inskrywings vir O.B. en A.N.S.

### Waar en Hoe om Aan te Sluit

Ten einde die organisasie te bespoedig, en om so gou as moontlik met die jaar se werksaamhede te kan begin, is in die verskillende wyke verteenwoordigers aangesê om oudlede en aspirant-lede in te skryf. Ons doen 'n baie dringende beroep op almal om hulle onmiddellik te laat inskryf. Gaan soek self 'n verteenwoordiger op, moenie wag totdat iemand u nader nie. Ons verwag van oudlede om nuwes op te spoor, en hulle na die verteenwoordigers te neem, en van nuwes, om nie op opsporing te wag nie, maar om self die verteenwoordigers op te spoor. Laat daar geen uitstel wees nie; alleen pligsvervulling, flink en gedissiplineerd. Onderstaande is die name en adresse van die verteenwoordigers by wie ingeskryf mag word:

Mej. Annette Brink, Sonop, Elsa de Waal, Huis-ten-Bosch, Elsa Joubert, Harmonie, Jomina Lategan, Rozenhof, Anna Lombard, Huis-de-Villiers, mnre. F. D. J. Brand, Eendrag, Dorpstraat, F. E. du Toit, P/a. dr. D. F. du Toit, Victoriastraat, Johan Eyssen, Dagbreek, J. G. C. Haasbroek, Bergville, Victoriastraat, G. H. Oosthuizen, Die Laan, J. P. Pellisier, Wilgenhof, D. F. v. d. Merwe, Dagbreek.

Ons verwag om die organisasie in die tweede week reeds in die haak te hê mits elkeen sy plig doen en sorg dat sy maat dit ook doen.

W. R. Laubscher, Hoofkomdt.
S. J. Joubert, Taksleier.

## Vryheidsdag

Vryheidsdag wat deur alle O.B.-kommando's gevier word op Majoebadag (27 Feb.) sal deur die plaaslike kommando gevier word op die feesterrein te Blouklip, die plaas van mnr. Willie de Waal.

Die verrigtinge neem 'n aanvang om 4-uur n.m. met boeresport, speletjies, ens.

Om 8 n.m. begin die aandprogram wat bestaan uit 'n skriflesing, gesamentlike sang, die voordrag van die Amajoeba-kantate en bereik sy hoogtepunt met die aansteek van die Vryheidsvuur om 9.15 presies en die voorlees van die Vryheidsverklaring en Gelofte onmiddellik daarna.

Studente O.B.-lede is welkom om die verrigtinge by te woon, maar daar hulle as studente verpligtings teenoor die Universiteit het, word van hulle verwag om in die eerste plek die openingsplegtigheid van die Universiteit daardie aand by te woon.

Die Studentefotograaf
HEROLD
SE
ATELJEE
ANDRINGASTRAAT

DIE UITSPAN
se ROOMYS
is beroemd,
die KOELDRANKE
is meestal suiwer
vrugtesap.
Sulke ETES kry 'n mens
maar net in
DIE UITSPAN

Byna 'n Wonderwerk!

Ons het meeste van die boeke vir u voorgeskryf, ontvang!

Onder die huidige ontwrigte toestande is DIT al byna 'n wonderwerk.

Ons kan u egter ook AL die skryfpapier, oefenboeke, INK (behalwe bottels, bring u eie bottel) ens., lewer.

Ons heet u hiermee welkom, en wens u 'n suksesvolle studiejaar toe.

KOM ONTMOET U VRIENDE HIER, U SAL HULLE SONDER TWYFEL HIER RAAKLOOP.

Vra om 'n lys [illegible] voorgeskrewe Boeke.

C.S.V.-BOEKHANDEL
PLEINSTRAAT, STELLENBOSCH.
Het u al u boekegeld gedeponeer?